# HOOFSTUK 2

# DIE VOORKOMS, OORSAKE EN GEVOLGE VAN SEKSUELE MOLESTERING BY DIE JEUGDIGE DOGTER

## 2.1 INLEIDING

Seksuele molestering is 'n ernstige misdaad wat tans wêreldwyd opspraak maak. Hierdie wanpraktyk neem steeds toe en die voorkoms daarvan is skokwekkend.

Seksuele molestering kan nie aan 'n enkele oorsaak toegeskryf word nie. Daar is baie faktore wat daartoe aanleiding kan gee. Die gevolge van seksuele molestering is legio. 'n Seksueel-gemolesteerde kind herstel ook nooit volkome van die nadelige effekte van hierdie misdaad nie.

Vervolgens sal die voorkoms, oorsake en gevolge van seksuele molestering van nader toegelig word.

## 2.2 VOORKOMS VAN SEKSUELE MOLESTERING

Die verskynsel van kindermolestering is kommerwekkend en raak die kern van enige samelewing. Seksuele misbruik is reeds sedert die sewentigerjare 'n ernstige probleem in oorsese lande, veral in die Verenigde State van Amerika.
In die Verenigde State van Amerika is sowat 40 miljoen mense reeds as kinders seksueel misbruik. Fine, soos aangehaal deur Van der Walt (1990:183), stel die voorkoms op 100 000 gevalle per jaar. In Amerikaanse regeringskringe is daar tans groot kommer oor onsedelike praktyke in die samelewing en 'n veldtog teen immoraliteit is afgekondig (Faller, 1981:144). Volgens Baartman (1992:23-24) neem die probleem in Nederland reeds ernstige afmetings aan.

Seksuele molestering het sedert die tagtigerjare skerp onder die loep gekom in Suid-Afrika. Navorsers en ander belanghebbendes in Suid-Afrika kan dus baie leer uit oorsese navorsing en navorsers se praktiese ervaring met die probleem (Serfontein, 1990:4).

'n Groter bewuswording van seksuele misbruik het in Suid-Afrika ontstaan. "...Doctors started to detect a greater than normal number of girls who had been sexually abused, mostly by family members. They had not complained of abuse but had suffered from genital infections..." (Robertson, 1989:1).

Verskeie gevalle van molestering binne die gesin het skielik onder die aandag van professionele mense in die samelewing gekom.

Vanweë die aard en omvang van die probleem het die Suid-Afrikaanse Polisie ook intensiewer na die probleem begin kyk. Die gevolg was dat die eerste Kinderbeskermingseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie teen die einde van 1986 die lig gesien het (Serfontein, 1990:4).

Hierdie eenheid beywer hom onder andere vir die voorkoming en hantering van seksuele misbruik. Groot welslae is al deur hulle bereik en daar word gereeld reklameveldtogte geloods. Gedurende 1990 is 6 111 gevalle van seksuele misbruik deur hulle ondersoek. Die syfer is egter nie 'n getroue weergawe van die werklike probleem nie, omdat baie gevalle nooit gerapporteer word nie vanweë die geheimhoudingselement (Wurzel, 1991).

Vanaf 1986 tot en met 1987 het aanmeldings van kindermolestering in Suid-Afrika met 67% toegeneem.

Suid-Afrikaners is gedurende 1988 met skok en afgryse gevul deur die talle gevalle van seksuele molestering van kinders wat deur die media gerapporteer is (Schulze en Van Rooyen, 1989:67).

Die samelewing word aangegryp deur die vloed van publisiteit rondom seksuele molestering. Talle berigte van kinders van alle ouderdomme wat deur hulle ouers of ander persone seksueel misbruik is, is al bekend gemaak. Selfs babas word nie uitgesluit nie (Pierce en Pierce, 1985:191).

Die jongste geval van 'n slagoffer wat in Suid-Afrika gemolesteer is, was 'n twee maande oue baba. Die jongste geval in Brittanje was 'n twee weke oue baba. Sulke gevalle is egter skaars indien dit vergelyk word met kinders tussen 3- en 4-jarige ouderdom (Wurzel, 1991). In die meeste gevalle begin bloedskande tussen die ouderdom van 10 en 12 jaar wanneer die kind geslagsryp raak (Schulze en Van Rooyen, 1989:67).

Seksuele misbruik kom onder alle rasse en klasse in die samelewing voor. In die geval van swartes is dit miskien net meer gewelddadig en geforseerd en minder hofmakery vind plaas (Wurzel, 1991).

Vanweë die feit dat kindermolestering beskou kan word as die mees verskuilde, ondergerapporteerde, antisosiale misdaad is dit baie moeilik om die omvang van hierdie verskynsel in enige samelewing te bepaal. Uiteenlopende menings en spekulasie bestaan hieroor. Dit bly egter 'n kommerwekkende probleem wat nie geïgnoreer kan word nie (Serfontein, 1990:6).

## 2.3 BEGRIPSOMSKRYWING

In hierdie studie word daar herhaaldelik na sekere begrippe verwys.

Dit is gevolglik nodig om hierdie begrippe kortliks te omskryf.

### 2.3.1 Seksuele misbruik

"Seksuele misbruik van kinders is die blootstelling van kinders aan seksuele aktiwiteite waarvoor hulle emosioneel nie gereed is nie, waarvoor hulle nie bevoeg is om toestemming te gee nie en waarteen hulle hulleself nie kan verdedig nie" (Van Schalkwyk, 1990:12).

"Seksuele misbruik is die blootstelling van afhanklike en ontwikkelde kinders aan seksuele stimulering wat hulle emosioneel nog nie kan hanteer nie, en wat onvanpas is vir hulle psigoseksuele ontwikkeling en hulle rolle binne die gesin" (Carl, 1987:15).

Enige onsedelike of onbehoorlike daad wat teen 'n kind gepleeg word is hier ter sprake. Sekere wyses van aanraking, seksuele betasting, sekere wyses van soen en enige ander seksuele aktiwiteit waaraan die kind meedoen saam met die oortreder is hier ter sprake (TOD, 1990:1).

*** Fases van kindermolestering**

Seksuele molestering/misbruik van 'n kind gaan gewoonlik deur die volgende vyf fases:

**Aanknopingsfase**

Die oortreder soek na geleenthede om die kind se vertroue te wen. Dit is dikwels 'n kind wat deur sy ouers verstoot word. Fisieke geweld is gewoonlik nie hier teenwoordig nie.

Die oortreder sal dikwels sy plan laat vaar as die kind nie saamspeel nie. Die kind se natuurlike nuuskierigheid kan maak dat hy maklik verlei word (Carl, 1987:35). In hierdie fase is privaatheid 'n vereiste. Die molesteerder moet alleen wees met die kind, sodat hy hom kan verlei en misbruik (Sgroi, 1982:13).

**Seksuele interaksiefase**

Afhangende van die kind se reaksie sal die seksuele aktiwiteit hier ophou of aangaan. Seksuele aktiwiteite kan begin met onwelvoeglike betasting of ontbloting en oorgaan tot gemeenskap of afwykende seksuele gedrag.
Die kind se samewerking moet nie verwar word met toestemming nie (Carl, 1987:36).

**Geheimhoudingsfase**

Die oortreder maak van belonings of dreigemente gebruik sodat die kind sal stilbly. Die kind voel soos die skuldige en word as "stout" bestempel deur die oortreder. Dit is egter moontlik dat die kind die situasie geniet. Dit verhoog soms sy/haar selfagting en die kind voel belangrik.

Geheimhouding van so 'n seksuele verhouding kan maande, selfs jare duur. Baie verhoudings bly vir altyd 'n geheim (Sgroi, 1982:17).

**Onthullingsfase**

Dit duur dikwels 'n geruime tyd voordat die kind kan praat. Toevallige onthulling vind gewoonlik tydens besering, swangerskap of betrapping van die daad plaas. Doelbewuste onthulling geskied gewoonlik tydens adolessensie, wanneer die kind ander verhoudings wil aanknoop. Dit kan ook wees dat die kind die jonger boetie/sussie daardeur wil beskerm.

Die bepaalde manier van optree kan ook 'n hulpkreet aan die kant van die kind wees (Carl, 1987:37).

**Onderdrukkingsfase**

Wanneer seksuele misbruik onthul word, ontken die betrokkenes, asook die familie gewoonlik die gebeurtenis, of die kind raak passief en teruggetrokke. Daar is ook vrees dat die gesin uitmekaar sal skeur. Die gesin kan ook bang wees vir publisiteit (Sgroi, 1982:24).

### 2.3.2 Bloedskande/inses

Seksuele misbruik kan binne of buite gesinsverband plaasvind. Die oortreder kan dus 'n bloedverwant wees (wat in baie gevalle voorkom) of 'n buitestaander.

Bloedskande verwys na 'n seksuele verhouding tussen bloedverwante, wat deur die wet verbied word om in die huwelik te tree (Carl, 1987:16; Van Schalkwyk, 1990:13).

Seksuele oortredings kan in die volgende twee kategorieë verdeel word:

*** Oortredings sonder fisieke aanraking:**

- Verbale seksuele stimulering met die doel om die kind se belangstelling te prikkel of hom te skok.
- Obsene telefoonoproepe.
- Ekshibisionisme, dit wil sê onwelvoeglike ontbloting deur 'n volwassene aan 'n kind (Petropulos, 1987:193).
- Voyeurisme of afloerdery van 'n kind wanneer hy ontklee of bad (Petropulos, 1987:205).

- Die kind kan ook gedwing word om geslagsgemeenskap tussen ouers waar te neem.

- Blootstelling aan pornografie, byvoorbleed deur tuisvideo's.

- Uitbuiting van kinders deur pornografie (Carl, 1987:15; Van Schalkwyk, 1990:14).

*** Oortredings waar die kind fisiek aangeraak word:**

- Niegewelddadige intieme liefkosings en betasting van die kind se privaatdele.

- Anale, orale of genitale stimulasie en penetrasie. Anale penetrasie kom algemeen voor by kinders onder die ouderdom van ses jaar (Van Schalkwyk, 1990:13).

- Vaginale/anale penetrasie deur middel van 'n voorwerp.

- Masturbasie, wedersydse masturbasie of streling van genitalieë (Gilmour, 1988:98).

- Niegewelddadige gemeenskap met 'n kind onder sestien jaar.

- Gewelddadige, gedwonge oortredings soos verkragting, fisieke besering, aanranding en moord (Carl, 1987:16).

### 2.3.3 Die oortreder/pedofiel

Pedofiel is afkomstig van die Griekse woord "pedophile". "pedo" beteken "kind" en "phile" beteken "liefde".

'n Pedofiel is dus 'n sogenaamde "kinderliefhebber" wat seksuele bevrediging uitsluitlik by kinders verkry.

Die oortreder se voorkeur kan homo- of heteroseksueel wees (TOD, 1990:2).

Die pedofiel is verder iemand wat as kind steurnisse in normale seksuele ontwikkeling ondervind het en daarom seksueel ontoereikend ontwikkel het.
Pedofilie kom voor onder mans en vroue, maar die verskynsel is baie meer algemeen onder mans (Pienaar en De Swardt, 1989:44; Petropulos, 1987:201).

Daar kan verder tussen die gefikseerde en regressiewe pedofiel onderskei word.

**Gefikseerde pedofiel** - Hierdie oortreder volg reeds vanaf adolessensie 'n bepaalde gedragspatroon. Die oortreder word gewoonlik nie seksueel geprikkel deur volwassenes nie, maar voel net gemaklik in die teenwoordigheid van kinders. Hy toon geen blywende verhouding met mense van sy eie ouderdom nie. Aangetrokkenheid tot jong kinders is die gevolg hiervan en die pedofiel sien daarin die weerspieëling van sy jeug. Hy is daarop uit om die kind se vertroue maklik te wen. Wanneer die kinders egter die puberteitsfase bereik (ongeveer 12 jaar), verloor hulle hul aantrekkingskrag vir die oortreder. Dit is opvallend dat baie gefikseerde pedofiele self as kind gemolesteer is (Carl, 1987:30; Wyre en Swift, 1990:40).

**Regressiewe pedofiel** - Die oortreder kan getroud wees en het dus 'n heteroseksuele verhouding met sy maat en 'n gesin. Dit is egter gewoonlik nie 'n liefdevolle huweliksverhouding nie. Die oortreder is dus seksueel aangetrokke tot vroue, maar hy is onseker oor sy seksualiteit en tree onvolwasse op. Die oortreder se huwelikslewe is vir hom ontoereikend en hy wend hom tot kinders om sy drang na mag en gesag te bevredig (Carl, 1987:69; Wyre en Swift, 1990:40).

**Algemene optrede van 'n pedofiel:**

Die sjarmante pedofiel - Hy gaan manipulatief te werk en het 'n goeie verhouding met die slagoffer. Die kind word verlei, vertroetel en bederf. Hy koop die kind om met "liefde", aandag en geskenke. Groepe kinders kan ook misbruik word. Dit staan dan bekend as 'n seksbende/seksnetwerk (Parks, 1990:30).

Die ontoereikende pedofiel - Hy sal die kind byvoorbeeld by openbare plekke ontmoet en eenmalig molesteer. Hy knoop dikwels 'n verhouding met 'n vrou aan met die doel om haar kinders te misbruik. Hy sal selfs nie skroom om bloedskande te pleeg nie.

Die sadistiese pedofiel - Hy verkry seksuele bevrediging deur geweld. Die oortreder kan die kind ontvoer en selfs vermoor (Pienaar en De Swardt, 1989:44; TOD, 1990:3).

Vervolgens word die oorsake van seksuele molestering nader toegelig.

## 2.4 OORSAKE VAN SEKSUELE MOLESTERING

Die oorsake van seksuele misdrywe is multidimensioneel en ingewikkelder as wat dikwels voorgehou word. Dit gaan ook dikwels met ander antisosiale steuringe gepaard (Pienaar en De Swardt, 1989:40).

### 2.4.1 DIE OORTREDER

#### 2.4.1.1 Ouergeskiedenis en karaktertrekke

"Pedophiles span the full spectrum from saints to monsters", aldus Serfontein (1990:9).

Oor die algemeen vertoon die pedofiel sekere negatiewe eienskappe. Vanweë sy persoonlikheidseienskappe, is hy 'n ongelukkige mens en wend hy hom tot seksuele misbruik.

- Psigopatiese neigings is kenmerkend. Die oortreder toon geen gevoelens of gewete nie (TOD, 1990:3).

- Die oortreder vertoon verskeie geestesgebreke. Impulsiwiteit, onvolwassenheid, aggressie, angstigheid, passiwiteit, afhanklikheid en skisofrenie is algemeen (Theart, 1989:9).

- Die oortreder het 'n besondere lae selfbeeld. 'n Groot minderwaardigheidsgevoel is een van die mees algemene kenmerke (Gerber, 1986:69).

- Onbevredigende kinderjare, die blootstelling aan geweld en misbruik en vervreemding van die ouers om verskeie redes speel 'n groot rol. As kind is die oortreder dikwels affektief verwaarloos, mishandel en gemolesteer. Hierdie gebrek aan voldoende versorging en vertroeteling tydens die kinderjare veroorsaak dat die oortreder weer kinders molesteer; die proses toon dus 'n kringloop (Carl, 1987:71). Ouers wat kinders molesteer, is gewoonlik van die begin af nie baie betrokkenheid by hulle kinders nie. Die verhouding is dus van meet af onstabiel (Tomaszewski, 1989:63).

- Sy eie vader of moeder was dominerend.

- Oortreders kom dikwels fanaties godsdienstig voor.

- 'n Front van hoë moraliteit word aan die wêreld voorgehou.

- Stres kan dikwels nie op 'n volwasse wyse hanteer word nie en die oortreder wend hom dan tot kinders, net soos volwassenes vroeër teenoor die oortreder opgetree het. Sy gedrag is dus deels aangeleer (TOD-omsendminuut, 1990:3). Ernstige frustrasie verhoog die mishandelingsrisiko vir diegene wat reeds potensiële oortreders op die gebied is (Carl, 1987:71).

- Die misbruik van alkohol, dagga en ander dwelms hou sterk verband met seksuele molestering (Parks, 1990:33; Van der Merwe, 1991:4). Oortreders is dikwels strawwe drinkers om hulle selfvertroue te gee (Ketterman, 1984:118).

  Dogters word dikwels vir die eerste keer gemolesteer wanneer die vader onder invloed van drank is. In die geval van seuns speel alkohol op 'n ander wyse 'n rol. Die oortreder is meestal nugter wanneer hy die slagoffer nader (Schulze en Van Rooyen, 1989:69). Die regressiewe pedofiel mag 'n drankprobleem hê, werkloos wees of aan depressie ly (Wyre en Swift, 1990:40).

- Oortreders verkeer dikwels in 'n depressiewe toestand by tye van seksuele molestering. Hulle voel ontoereikend en wend hulle tot die "veiligheid" van die kind. Die oortreder het 'n gebrek aan sekuriteit. Hy het 'n groot behoefte om liefgehê te word en gee baie min. Daar word dus van die kind verwag om sy behoefte aan liefde en sekuriteit te vervul (Tomaszewski, 1989:63).

- Die oortreder se kennis van seksualiteit kan beperk wees. Hy het dikwels verwronge idees rondom seksaangeleenthede (Carl, 1987:34).

#### 2.4.1.2 Sosiaal-maatskaplike faktore

- Kindermolestering kom voor onder alle lae van die samelewing, maar kom tog meer algemeen voor onder die laer sosio-ekonomiese klasse (Theart, 1989:9).

- Antisosiale gedrag word geopenbaar. Die oortreder vind dit moeilik om verhoudings met volwassenes aan te gaan en wend hom tot kinders (TOD, 1990:3). Sosiale vaardigheidsprobleme word ondervind. Die oortreder voel eensaam en onseker en kan nie normale verhoudings met volwassenes vorm nie. Hy voel skaam en ongemaklik by volwassenes en vol selfvertroue by kinders (Schulze en Van Rooyen, 1989:69).

- Die oortreder sien homself dikwels as slagoffer van die samelewing en is uitgehonger vir liefde en seksuele bevrediging.

- Hulle is dikwels sosiaal geïsoleerd, alhoewel hulle 'n front voorhou. Alleenlopery is kenmerkend, aangesien hulle bang is vir volwasse seksualiteit (Carl, 1987:34).

- Swak opleiding vorm dikwels die grondslag van geldelike probleme. Die huidige haglike ekonomiese toestand wat in Suid-Afrika en ander lande heers, het werkloosheid tot gevolg. Finansiële frustrasie kan ook sluimerende drange van seksuele afwykings tot die oppervlak dwing (Gerber, 1986:68; Tomaszewski, 1989:63).

- Swak behuising gaan dikwels gepaard met oorbewoning en is in baie gevalle die teelaarde vir seksuele misbruik. Kinders bevind hulle in omgewings wat nie veilig is nie (Tomaszewski, 1989:63).

- Pedofiele vestig hulle dikwels in beroepe waar hulle maklik toegang tot die slagoffer kan verkry. Hulle is dikwels werksaam by kinderversorgingseenhede, jeugorganisasies, raadgewende adviseurs by sekere instansies of verbonde aan kerklike en onderwysinstansies (Wyre en Swift, 1990:44).

**2.4.1.3 Huweliksverhouding**

- Die risiko van seksuele molestering is baie groter waar die kind se biologiese ouers nie saamwoon nie; waar die kind dus blootgestel is aan enkeloueropvoeding of aan die teenwoordigheid van 'n stiefouer (Tomaszewski, 1989:63).

- Swak, ongelukkige huweliksverhoudinge is algemeen. Die kind word as mededinger gesien en so 'n ouer wreek hom op die kind (Van der Merwe, 1988:4). Baker (soos aangehaal deur Wyre en Swift, 1990:42) beaam hierdie standpunt. Volgens hom toon die vrou dikwels min belangstelling in die seksuele sy van die huwelik. Dit lei tot seksuele frustrasie aan die man se kant (Wessels, 1988:10). Die pedofiel verskoon dan ook sy optrede dikwels vanweë die feit dat sy vrou seksueel ontoereikend is. Hy voer aan dat die vrou nie geïnteresseerd is in die huwelik nie (Wyre en Swift, 1990:42).

- Die vrou ly dikwels aan swak gesondheid en senuweeprobleme. Die kinders word dan in 'n groot mate gedwing om die moederlike rol oor te neem. Dit mag wees dat die vrou geen belangstelling in die kind toon nie.
  Die man kan op sy beurt die kind as plaasvervanger in die bed sien (Wessels, 1988:9; Roehl en Burns, 1985:21).

- Die vrou is gewoonlik nie bereid om seks met die kinders te bespreek nie en dit veroorsaak dat die kind huiwerig is om oor die misbruik te gesels.

- Soms is die vrou so verdiep in haar eie persoonlike probleme dat sy nie bewus is van wat onder haar dak aangaan nie.

- Die vrou wat wel bewus is van seksuele molestering binne die gesinsverband (inses) verkies egter dikwels die situasie, eerder as om te sien hoe haar man tronk toe sal gaan (Wessels, 1988:10). Die ontkenning van die werklikheid is 'n algemene strategie om die situasie te hanteer (Roehl en Burns, 1985:21).

- In die geval van inses is die vrou gewoonlik baie afhanklik van die man, finansieel sowel as emosioneel. Haar gereelde afwesigheid van die huis vir lang tye toon die min betrokkenheid met die gesin en haar verantwoordelikhede as vrou (Roehl en Burns, 1985:21).

- Die oortreder kan getroud wees met 'n vrou wat die huishouding geheel en al beheer. Hy sien die vrou as oorheersend, skrikwekkend en verwerpend. Uit onbewuste behoeftes en gevoelens soek hy dan liefde en steun by die kinders.

- Die teenoorgestelde kan ook voorkom, waar die oortreder die gesin heeltemal domineer. Hy voel ongemaklik in sy vrou se teenwoordigheid en dwing onderdanigheid by sy kinders af. Sodoende ervaar hy 'n sterk gevoel van manlikheid (Ketterman, 1984:118).

- Omdat die man ook nie 'n emosioneel bevredigende verhouding met sy vrou het nie, wend hy hom tot kinders.

- Die kinders is nie in staat om emosionele behoeftes van die man te bevredig nie. Al wat dus vir die man oorbly is die fisieke verhouding. Dit is slegs teenoor die hulpeloosheid van die kind dat hy sterk en manlik voel (Ketterman, 1984:118). Die oortreder verlang om die oorheersende en sterkste vennoot in die verhouding te wees. Kinders is die aangewese teikens, want sodoende kan hy sy mag bewys (Gerber, 1986:69).

- Die vader tree dikwels oorbeskermend teenoor sy kind op. Die kind mag verhoed word om maats te maak buite die gesin. Verhoudings met die teenoorgestelde geslag word ook nie geduld nie. Die slagoffer word dikwels op uitstappies geneem waarby die res van die gesin nie ingesluit is nie. Die vrou word dikwels daarvan weerhou om skoolvergaderings of oueraande by te woon, want sy mag dalk uit haar beurt uit praat.

- Die vader mag sy kind bederf met onvanpaste geskenke soos mooi en uitlokkende onderklere, wat eerder gereserveer behoort te wees vir sy huweliksmaat (Roehl en Burns, 1985:21).

- Pedofiele het reeds herhaalde kere aangevoer dat hulle doelbewus verhoudings met sekere vroue aangegaan het om maklik toegang tot die kinders te verkry. Weerlose gesinne wat 'n behoefte het aan emosionele ondersteuning en finansiële sekuriteit is dus dikwels die prooi van die oortreder (Wyre en Swift, 1990:44).

- Pedofiele mag hul optrede ook regverdig deur die volgende standpunte:

* Die stiefdogter aanvaar hom nie in die huis nie, toon nie genoeg aandag en liefde nie en verkleineer hom voor sy vrou. Die kind word dus gestraf vir haar ongevoeligheid.

* Dit is beter vir die kind om binne die gesinskring van seksuele aangeleenthede te leer as om dit buite die gesin te gaan beproef. Verder is dit vir die oortreder beter om seks met sy kind binne die huis te hê en sodoende sy huwelik te behou, as om verhoudings met ander vroue aan te knoop.

* Baie voer aan dat hulle omgee vir kinders wat andersins verwaarloos sou word. Seks is nieskadelik en 'n klein prys om te betaal vir die "vergoeding" wat daarmee gepaard gaan (Wyre en Swift, 1990:42).

### 2.4.2 DIE SLAGOFFER

Alhoewel die kind in die algemeen nooit as die primêre oorsaak van seksuele molestering gesien kan word nie, is daar sekere faktore wat sommige kinders meer kwesbaar maak vir seksuele misbruik as ander.

Vervolgens 'n bespreking van hierdie faktore.

#### 2.4.2.1 Liggaamlike en fisiologiese faktore

- Die liggaamlik-gestremde kind se weerloosheid word dikwels deur die oortreder misbruik deur middel van seksuele molestering.

- 'n Mooi kind is 'n sterk aantrekkingskrag vir die oortreder.

Volgens Conte et al. (1989:296) is daar sekere fisiese eienskappe waarna oortreders kyk. 'n Gladde, mooi vel, lang hare of mooi bene kan vir een oortreder belangrik wees, terwyl 'n ander een weer na ander eienskappe kyk.

- Hormoonversteurings wat lei tot vervroegde of vertaagde puberteit kan ook 'n rol speel.

- Chromosoomafwykings, wat manifesteer in die "Down"-sindroomkind maak die slagoffer meer kwesbaar.

- Verstandelik vertraagde kinders is ook meer kwesbaar wat seksuele misbruik betref (TOD, 1990:4).

### 2.4.2.2 Psigologiese en pedagogiese faktore

- Geestelike versteurings, byvoorbeeld psigopatisme, gee aanleiding tot seksuele misbruik.

- Die kind wat wordingsgeremdheid ervaar is dikwels die slagoffer van seksuele molestering. Hy is gevoelsarm en toon emosionele en gedragsprobleme.

- 'n Swak selfbeeld is kenmerkend van die slagoffer. Die kind het 'n lae selfagtingsvlak en toon 'n gebrek aan selfvertroue. Die kind met 'n lae selfbeeld, vind dit baie vleiend indien 'n belangrike persoon belangstelling in hom toon. Die oortreder in 'n gesagsposisie misbruik dus dikwels sy status in sy verleiding van weerlose kinders (Wyre en Swift, 1990:45).

### 2.4.2.3 Sosiaal-maatskaplike faktore

Die invloed van die huis, skool en gemeenskap as samelewingsverbande word nou toegelig.

**Die huis**

Die volgende opvoedingsfoute word onder meer deur die ouers begaan:

- Affektiewe en materiële verwaarlosing. Hierdie probleem word gou deur die oortreder raakgesien en uitgebuit. Onsekere, eensame en verwaarloosde kinders word maklik geïdentifiseer. Hulle word oor 'n tydperk verlei, word gevlei deur die oortreder en omgekoop op verskeie maniere. Die oortreder is 'n geduldige luisteraar, praat met die kind en laat hom belangrik en menswaardig voel. Op subtiele wyse word die sosiale verhouding omgesit in 'n seksuele verhouding (Van Schalkwyk, 1990:19; Wyre en Swift, 1990:42-43).

- Gebrekkige kommunikasie tussen die ouer en kind maak die slagoffer soveel meer ontvanklik vir seksuele molestering.

- Navorsing het getoon dat gebrek aan inligting aangaande seksuele aangeleenthede die kind in 'n groter mate aan seksuele molestering blootstel (Viljoen, 1991:22; Van Schalkwyk, 1990:20). Reeds meer as 'n dekade gelede het opvoeders in Kanada en die Verenigde State van Amerika begin besef dat baie gevalle van seksuele molestering voorkom kon word. Volgens hulle kan die kind reeds vanaf tweejarige ouderdom eenvoudige kennis aanleer rondom onvanpaste aanraking (Briggs, 1988:170).

- Oorbeskerming/dominering lei tot geslagsrolverwarring by die kind. Té intieme fisiese verhoudings, byvoorbeeld oormatige vertroeteling, kan skadelik wees vir die kind. In die outoritêre huis kan die kind weer geleer word om gesag blindelings te gehoorsaam.

So 'n kind sê maklik ja en gehoorsaam die volwassene in alle opsigte wat die moontlikheid van molestering kan verhoog (Schulze en Van Rooyen, 1989:74). Kinders wat oorstreng grootgemaak word, het dikwels nie die vrymoedigheid om intieme sake met hulle ouers te bespreek nie en sal dus nie seksuele misbruik aan hulle ouers bekend maak nie, omdat hulle dink dat hulle gestraf sal word (Van Schalkwyk, 1990:20).

- Onbesorgdheid aan die kant van die ouers. Hulle weet dikwels nie waar hulle kinders hulle begewe nie en gee ook nie om nie, gevolglik is die kinders totaal aan hulleself oorgelaat en word verkeerde keuses met betrekking tot hulle sosiale lewe gemaak.

- Wangenormeerde voorlewing aan die kant van die ouers is baie algemeen. Drank- en dwelmmisbruik kom dikwels voor en die kind volg die ouers na (TOD, 1990:4). Volgens Briggs (1988:170) is 'n gebrek aan korrekte normatiewe gedrag deur die ouers 'n groot oorsaak van kindermolestering.

* **Huislike omstandighede:**

- Die huwelikstatus van die ouers is belangrik. Gesinsonvolledigheid kan 'n bydraende faktor tot seksuele molestering wees. Kindermolestering kan grootliks verhinder word waar die vader aktief betrokke is by die versorging van die kind, dit wil sê vanaf geboorte. Die stiefpa is daarom 'n potensiële bedreiging vir die weerlose kind (Pienaar en De Swardt, 1989:44).

- Ongewensde swangerskap, waar aborsie dikwels oorweeg is, of teleurstelling in die geslag en voorkoms van die kind kan 'n nadelige uitwerking op die kind hê (Tomaszewski, 1989:63).

- Vroeggebore babas kan 'n nadelige invloed op die ouer-kind-verhouding hê. Weens lang hospitalisasie ontstaan daar dikwels bindingsprobleme tussen ouer en kind (Van der Merwe, 1988:4; Tomaszewski, 1989:63).

- Oorbewoning en ongewenste inwoners kan seksuele molestering aanmoedig. Gevalle waar die loseerder, of die moeder se vriend, naamlik die sogenaamde "oom" hulle skuldig gemaak het aan seksuele molestering is algemeen.

- Die werklose vader kan gefrusteerd en depressief raak en hom dan aan seksueel afwykende gedrag skuldig maak deur bloedskande te pleeg.

- In die geval van huweliksverbrokkeling gebeur dit dikwels dat die vader hom tot die dogter wend en die moeder haar tot die seun en onvanpaste seksuele gedrag openbaar (TOD, 1990:4).

Die skool

Opvoedingsfoute deur onderwysers:

- 'n Ontoeganklike, egoïstiese onderwyser gaan die kind in nood daarvan weerhou om met hom te gesels.

- Onsimpatieke, oorstreng onderwysers verhoed ook dat die kind die opvoeder in sy vertroue sal neem. Oormatige fisiese vertroeteling daarenteen (waar die pedagogiese distansie tussen onderwyser en kind ontbreek) is egter ook gevaarlik (TOD, 1990:4).

- Aftakeling van die kind se menswaardigheid. Die kind wat moontlik aan seksuele misbruik blootgestel mag word, het dikwels 'n lae selfbeeld.

Indien die onderwyser hom nog verder aftakel, sal dit verder bydra tot sy minderwaardigheidsgevoel (TOD, 1990:4). Die slagoffer van seksuele molestering is dikwels 'n onderpresteerder met 'n volgehoue onvermoë om sy optimale potensiaal te bemeester (Robertson, 1989:37).

Probleme binne die portuurgroep:

- Swak sosialisering. Eensaamheid en verwerping lok negatiewe gevoelens by die kind uit.

- Negatiewe beïnvloeding deur byvoorbeeld seksbendes maak van die kind 'n besliste slagoffer van molestering. Kinders tussen die ouderdom van 10-16 jaar is die meeste betrokke by seksnetwerke (Robertson, 1989:37).

- Ongesonde vryetydsbesteding. Die kind en sy maats bevind hulle by verkeerde plekke waar allerhande onheile moontlik mag uitbroei (TOD, 1990:4).

Die gemeenskap

- Die invloed van die massamedia kan nie onderskat word nie. Die kind word dikwels seksueel geprikkel en dit moedig losbandigheid aan.

- Die kind wat grootword in 'n swak sosio-ekonomiese woongebied word dikwels reeds op 'n baie jong ouderdom blootgestel aan seksuele misbruik.

- Verwarring ten opsigte van aanvaarbare gemeenskapsnorme bring onsekerheid by die kind mee.

- Kerklosheid/kerkloosheid. Die slagoffer het gewoonlik nie sterk morele of godsdienstige waardes nie. Dit maak hulle uiters geskik vir die oortreder (Robertson, 1989:37).

- Drank en dwelmmiddels wat maklik bekombaar is, het 'n versterkende invloed op seksuele losbandigheid en seksuele misbruik.

- Onvoldoende fasiliteite vir gesonde sosialisering moedig seksuele wanpraktyke verder aan (TOD, 1990:4).

Ten slotte word daar op die gevolge van seksuele molestering gefokus.

## 2.5 GEVOLGE VAN SEKSUELE MOLESTERING

Seksuele misbruik is 'n algemene en ernstige misdaad teenoor kinders. Die kind se selfbeeld, sy vermoë om normale sosiale en seksuele verhoudings tydens adolessensie en volwassenheid te ontwikkel en die vermoë om intellektuele potensiaal te ontwikkel, ly skade. Dit kan lei tot leer- en gedragsprobleme, antisosiale gedrag en uiteindelik tot selfvernietigende gedrag (Briggs, 1988:167). Enige vorm van seksuele aktiwiteit met 'n kind is skadelik. Die omvang van die emosionele skade wat met kindermolestering gepaard gaan, is geweldig groot (Viljoen, 1991:20). Indien die kind egter sielkundige behandeling ondergaan, sal dit die pynlike herinneringe daaraan tydens die volwassewordingsproses minder fel maak. Dit is egter 'n feit dat 'n onbekende aantal kinders nooit behandeling van enige aard ontvang nie (Burkhart, 1988:78).

Die vraag word dikwels geopper of die kind blywende skade opdoen indien hy seksueel gemolesteer is.

Die feit is dat hoe langer die molestering voortgaan en hoe ernstiger die graad daarvan, hoe groter is die moontlikheid dat die seun of dogter blywende persoonlikheidsprobleme sal opdoen (Wessels, 1988:28).

Die simptome wat seksueel-gemolesteerde kinders openbaar hou verband met die ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer (Damon et al., 1987:128).

Die gevolge van seksuele molestering sal verskil, afhangende van die ouderdom, persoonlikheid, die verhouding tussen die oortreder en slagoffer, die frekwensie en intensiteit van die oortreding en uiteindelik die reaksies van diegene ná aan die slagoffer wanneer hy self die probleem openbaar maak (Carl, 1987:51; Van Schalkwyk, 1990:35).

### 2.5.1 Korttermyngevolge

#### 2.5.1.1 Fisieke tekens

Kinders wat aan seksuele misbruik blootgestel word, toon gewoonlik een of meer van die volgende simptome:

- gedurige gejeuk en ongemak rondom die genitale area;

- enige beserings of bloeding van die geslagsorgane, behalwe tydens menstruasie. Vaginale en rektale bloeding moet onmiddellik aandag verkry (Kroll, 1980:18);

- rooi, opgehewe vel in die omgewing van die geslagsorgane. Geswolle, rooi merke aan die baarmoederhals, skaamspleet of boudnaat kan voorkom (Carl, 1987:49);

- geslagsiektes, vaginale afskeidings en selfs VIGS (Van Schalkwyk, 1990:32);

- openlike en obsessiewe masturbasie (Robertson, 1989:42);

- herhaaldelike urienweginfeksies; die kind besoek kort-kort die toilet (Blomerus, 1989:14);

- suigmerke aan die vel kom dikwels voor;

- vreemde liggaamsreuke;

- swangerskap by die jong dogter kom voor (TOD, 1990:8);

- geskeurde of bloedbevlekte klere (Kroll, 1980:18);

- skielike gewigsverandering of verandering in eetgewoontes (Robertson, 1989:42; Van Schalkwyk, 1990:32).

#### 2.5.1.2 Emosionele en gedragsveranderinge

Die seksueel-gemolesteerde kind vertoon skielike gedragsverandering en die volgende simptome kan voorkom:

* Versteurde slaappatrone:

- Nagmerries en vrees vir die donker kan voorkom.

- Nagsweet, wat gepaard kan gaan met enurese, kom voor (Van Schalkwyk, 1990:32-33).

- Oormatige rukkings of skreeugeluide (Kroll, 1980:18; Carl, 1987:50; Robertson, 1989:42; TOD, 1990:9).

* Onttrekkingsimptome kom ook algemeen voor:

- Die slagoffer vertoon 'n swak verhouding met sy eie ouderdomsgroep.

Hy isoleer hom gewoonlik heeltemal van sy maats (Blomerus, 1989:45; Wyre en Swift, 1990:49).

- Die kind word dikwels uitgesluit uit die groep of veroorsaak self moeilikheid in die groep (TOD, 1990:9).

- Die onttrekking aan die werklikheid kan daartoe lei dat die kind geheel en al in 'n fantasiewêreld verkeer. Dagdromery is aan die orde van die dag, wat weer lei tot leerprobleme (Van Schalkwyk, 1990:33).

- Die kind weier om deel te neem aan sportaktiwiteite (Carl, 1987:51).

- Vermyding van oogkontak is 'n verdere onttrekkingsimptoom.

- Die kind mag wegskram van aanraking, veral deur 'n man. Hy verloor dus vertroue in volwassenes (TOD, 1990:9).

* Aandagsoekery. Terwyl sekere kinders hulle heeltemal onttrek van die werklikheid, gaan ander weer uit hulle pad om aandag te trek:

- Die kind het behoefte aan aandag en sal sonder voorbehoud na enigeen gaan om sy behoefte te bevredig (Blomerus, 1989:45).

- Onvanpaste uitinge van lieftalligheid wat nie eie is aan die kind se geaardheid nie, soos promiskuïteit of nagebootste uitlokkende gedrag (Carl, 1987:50).

* Die normale skoolpatroon verander:

- Die kind mag buitengewoon vroeg skool toe gaan en ook later as gewoonlik huis toe gaan. Hy voel dus veilig by die skool.

- Skielike agteruitgang in skoolprestasie en belangstelling in skoolwerk kan voorkom.

- Stokkiesdraai kom voor.

- Buitengewoon verleidelike gedrag teenoor, byvoorbeeld jong onderwysers of teenoor maats kan voorkom.

- 'n Verandering in gedrag of studiegewoontes kom algemeen voor (Blomerus, 1989:45).

- Die kind kan ook dikwels afwesig wees as gevolg van fisiese beserings.

- Die kind vermy die kleedkamers by die skool omdat molestering dikwels in badkamers plaasvind.

- Die kind dra dik lae klere - dit voel vir die slagoffer of almal kan sien dat hy misbruik word en probeer dit dus verbloem (TOD, 1990:9).

* Verandering in gemoedstoestand:

- Die kind mag oormatig geïrriteerd en buierig voorkom.

- Aggressiewe, wanordelike gedrag is algemeen (Kroll, 1980:18). Die temperament van die kind kan wissel van skaam en teruggetrokke tot meer aggressief en vyandig (Robertson, 1989:42; Van Schalkwyk, 1990:36).

- Die kind mag 'n intense vrees ervaar om alleen gelaat te word. Hy kom baie gespanne en bang voor (Blomerus, 1989:45).

- Emosionele uitbarstings, oormatige woedebuie en vyandigheid kan voorkom (Carl, 1987:50). Histeriese uitbarstings kom dikwels voor wanneer die kind onder stres verkeer (Wyre en Swift, 1990:49).

- Die slagoffer is dikwels senuweeagtig en minder selfversekerd (kou naels en wring hande) (TOD, 1990:9).

- Ontkenning, repressie en terugtrekking is verdedigingsmeganismes wat algemeen by jonger slagoffers voorkom. Die kind is bang om die molestering bekend te maak. Die oortreder is dikwels die slagoffer se eie vader en die kind is bekommerd oor hom. Dit mag wees dat hulle hom tronk toe kan stuur, wat weer opnuut 'n skuldgevoel by die kind wek (Damon et al., 1987:135).

- 'n "Damagedgoods"-sindroom is altyd teenwoordig by die slagoffer. Dit dui op 'n gevoel van skaamte en vrees by die kind (Cavaiola en Schiff, 1989:333; Sgroi, 1982:109). Die oortreder versterk dikwels hierdie gevoel deur uitlatings soos die volgende te maak: "You wanted this to happen", "Mummy will run away and leave us if you tell" en "They will put me in prison" (Wyre en Swift, 1990:49).

- Onlogiese denke kan voorkom. Die onskuldige kind mag werklik glo dat hy die molestering veroorsaak het en die gevolge moet dra (Damon et al., 1987:131).

- Regressiewe gedrag kan voorkom. Dit is die terugneiging na die infantiele stadium van die kind. Die kind kan terugkeer tot duimsuig, oordrewe huilerigheid en enurese. Die kind het dus 'n behoefte daaraan om weer 'n "veilige" baba te wees (Damon et al., 1987:133).

* Skyn-volwassenheid. Dit is 'n fasade van sofistikasie en volgroeidheid wat die kind openbaar (TOD, 1990:9; Carl, 1987 :50).

* Rolverwarring kom voor. Rolverwisseling kom voor, deurdat die dogter die rol van die moeder in alle opsigte moet oorneem waar bloedskande ter sprake is (Carl, 1987:51; Sgroi, 1982:109).

* Psigosomatiese simptome. Die slagoffer kla dikwels van hoofpyn. Oormatige vomering kan ook voorkom, waarvoor daar geen mediese verklaring is nie (Blomerus, 1989:45; Kroll, 1980:18).

* Oormatige nuuskierigheid met betrekking tot seksuele aangeleenthede:

- Die kind toon ongewone belangstelling in of kennis van seksuele sake (Kroll, 1980:18).

- Die kind vertoon onvanpaste gedrag wat nie in ooreenstemming met sy ouderdom is nie. Toenemende masturbasie kan veral by jonger kinders voorkom. Die kind kan ook oormatig baie aan sy geslagsdele raak (TOD, 1990:9; Van Schalkwyk, 1990:33).

- Oordrewe seksspel by voorskoolse kinders is dikwels 'n aanduiding van seksuele molestering. Oorgeseksualiseerde gedrag kan vererger nadat die slagoffer die misbruik aan die lig gebring het (Damon et al., 1987:133).

* Bizarre kunswerke deur die slagoffer is 'n uiters geskikte medium waardeur seksuele misbruik geïdentifiseer kan word. Tekeninge deur seksueel-gemolesteerde kinders gaan gewoonlik gepaard met een of ander seksuele konnotasie (Robertson, 1989:44). "Art is an expression of the child's inner reality. Young children draw what they know rather than what they see" (Jones, 1989:176). Die tekeninge vertoon dikwels die volgende eienskappe:

- Tekeninge wat getuig van volledige seksdetail of vergrote en oordoende geslagsorgane is dikwels 'n aanduiding dat die kind seksueel-gemolesteer word.

- Falliese simbole - die kind beeld die seksuele uit deur middel van suggestiewe tekeninge van byvoorbeeld 'n blom of boom met 'n penisagtige uitgroeisel.

- Afwesigheid van sekere liggaamsdele. Die tekeninge kan figure sonder arms wees. Dit kan die skuld en vreesgevoel wat die slagoffer ervaar, reflekteer. Verder dui dit miskien ook op die hulpeloosheid van die kind. Die afwesigheid van voete kan ook dui op die gevoel van onveiligheid en hulpeloosheid; die feit dat die kind geen vaste grond het om op te staan nie.

- Prominente hande en vingers, wat moontlik op die aggressiewe seksuele daad dui, kan 'n aanduiding van seksuele molestering wees.

- 'n Onvanpaste en prominente glimlag kan die ware gevoelens van die kind verbloem, veral indien die ander figure se uitdrukkings nie gelukkig lyk nie.

- 'n Verwronge liggaamsbeeld van die slagoffer kan ook 'n aanduiding van seksuele molestering wees.

Die liggaam van die kind kan byvoorbeeld slegs 'n gekrabbel wees. Die kind kan haarself teken met oë, maar geen mond nie. Arms en bene kan miskien net reguit strepe wees, met die arms oor die kop "gegooi" in 'n poging om die onvermoë om haarself te beskerm daardeur te reflekteer. Indien die kind in gesinsverband geteken word (insluitend die oortreder), mag dit wees dat sy baie dof geteken word, in teenstelling met die ander lede wat helder geteken word.

- Kinetiese aktiwiteit. Figure word bedek met 'n doellose gekrap; soms bestaan die hele tekening net uit 'n gekrap, met negatiewe kommentaar daarby, soos "He's ugly" of "Lock him up" (Jones, 1989:178-180).

### 2.5.2 Langtermyngevolge

Die vernietiging van die kind se selfbeeld is waarskynlik die ergste gevolg van seksuele misbruik. Die stryd om sy selfbeeld te herwin en te herstel van die viktimisasie kan 'n lewenslange proses word (Cavaiola en Schiff, 1989:333). As gevolg van die gebrek aan 'n goeie selfbeeld en belewing van vrees en skuldgevoelens kan die volgende simptome 'n langtermyneffek op die gemolesteerde kind hê:

- Die kind verval totaal en al in 'n gevoel van depressie. Dit is soms so erg dat die kind nie behoorlik kan funksioneer nie. Die slagoffer dwaal doelloos rond en isoleer hom dikwels van sy portuurgroep (Roehl en Burns 1985:20; Viljoen, 1991:20; Wessels, 1988:28).Die moontlikheid van depressie vertoon ook verskillende grade en sal soms erger wees, afhangende van die kind se ouderdom en die aard van die misbruik (Robertson, 1989:45).

Depressie is 'n algemene gevolg wat voortgedra word in volwassenheid en wat nie maklik oorkom word nie (Van Schalkwyk, 1990:36).

- 'n Verlies van aptyt kan voorkom. Dit kan ernstige gevolge soos anoreksia nervosa meebring (Kroll, 1980:18; Wessels, 1988 :28).

- Die slagoffer openbaar selfvernietigende gedrag. Selfmoordneigings, die misbruik van drank, dwelms, verdunners en gomsnuiwery kom algemeen voor (Carl, 1987:51; Parks, 1990:22). Die slagoffer ervaar selfhaat en voel nutteloos vir die samelewing en ook vir homself. Vir hom is daar geen rede om te leef nie en hy toon geen toekomsverwagting nie (Robertson, 1989:45; Van Schalkwyk, 1990:36).

- Selfskending is 'n nuwe verskynsel in Suid-Afrika. Die slagoffer skend doelbewus sy liggaam deur homself met spelde, messe en ander skerp voorwerpe te sny. In sommige gevalle kan die slagoffer baie lelike en pynlike beserings aan sy liggaam aanbring, wat lewenslange skade verrig. Ritse oorringe en tatoeëring kom ook algemeen voor. Hiermee wil die slagoffer verklaar dat hy in beheer is van sy eie liggaam en kan doen en maak soos hy wil (Robertson, 1989:45; TOD, 1990:9; Viljoen, 1991:20).

- Interpersoonlike verhoudingsprobleme kom algemeen voor. Die slagoffers van seksuele misbruik het probleme in hulle verhoudinge met ander mense, omdat hulle ander selde vertrou en hulle gewoonlik met agterdog, vyandigheid en vrees bejeën. Hierdie probleem word later oorgedra in die huwelik in en hulle verhouding met hulle kinders. Dit maak die gesin en die kinders kwesbaar vir seksuele misbruik (Van Schalkwyk, 1990:36).

- Die meeste voormalige slagoffers van seksuele misbruik toon seksuele afwykings in hulle latere lewe. Sommige slagoffers raak promisku en verslaaf aan seks, terwyl ander weer 'n afkeer van mans kry. 'n Groot persentasie word homoseksueel weens molestering (Viljoen, 1991:20-21; Wessels, 1988:28).

- Sommige slagoffers verval in prostitusie, as 'n verdere vorm van selfvernietiging. Baie prostitute is as kinders seksueel misbruik, vertoon 'n swak selfbeeld en gee gevolglik nie om wat met hulle liggame gebeur nie. Seksuele verkeer het vir hulle geen spesiale betekenis nie (TOD, 1990:9; Viljoen, 1991:22).

- Losbandigheid en seksueel uitlokkende gedrag kan onbeperk voortduur. Dogters wat gemolesteer word, is dikwels seksueel so opgewek dat hulle later seksueel losbandig word in 'n poging om hulle diep en verwarde drange na liefde en beskerming te bevredig. Alhoewel hulle aan vrees en skuldgevoelens kan ly, voel hulle ook kwaad en seergemaak (Ketterman, 1981:119). Die gevreesde VIGS-sindroom is 'n verdere gevolg van losbandigheid (Robertson, 1989:45).

- Seksuele misdrywe kan ook tot impotensie, die onvermoë tot orgasme en kilheid by die slagoffer lei (Pienaar en De Swardt, 1989:40). Die slagoffer leef in 'n voortdurende spanningstoestand wat tot in die huwelik kan voortduur en pynlike terugflitse tydens geslagsgemeenskap herroep (TOD, 1990:10).

- Weglopery van die ouerhuis kom dikwels voor. Wegloopkinders word dikwels vasgevang in verdere misdaad en raak soms betrokke by satanisme en ander ongewensde praktyke (Wyre en Swift, 1990:49).

Na beraming word ongeveer 45% van alle Amerikaanse jeugdiges gemolesteer voordat hulle wegloop. Die kinders besef nie dat hulle nie op die manier kan ontsnap van die werklikheid nie. Die sielkundige aspek van die probleem sal hulle bybly, waarheen hulle ookal gaan (Robertson, 1989:47).


- Wanneer die kind se probleme nog nie teen volwassenwording opgelos is nie, ontwikkel die slagoffer dikwels allerhande fobies en neuroses. Die gevoel van ontoereikendheid en minderwaardigheid bly die slagoffer altyd by (Roehl en Burns, 1985:20).

- Slagoffers kan maande en selfs jare na die seksuele misbruik steeds aan vertraagde skok en spanning ly. Dit lei weer tot huweliksprobleme (Robertson, 1989:47).

- Die tragiesste gevolg van seksuele molestering is sekerlik die feit dat slagoffers later in hulle lewe die oortreders mag wees. Die misbruik word dus net weer herhaal en die bose kringloop duur voort (Van Schalkwyk, 1990:36). Slagoffers van seksuele molestering kan hulle dikwels nie identifiseer met 'n positiewe, gesonde ouermodel nie. Hulle faal dikwels daarin om goeie ouervaardighede aan te leer en te ontwikkel (Briggs, 1988:168). Kinders se gebrek aan kennis rondom normatiewe ouer-kind-gedrag verhoog dus hulle weerloosheid en blootstelling aan seksuele misbruik (Damon et al., 1987:128).

Volgens Vizard (1985:138), kan seksuele misbruik soos volg geïllustreer word (sien figuur 1):

SELF DEPLETING CYCLE OF CHILD SEXUAL ABUSE




(Figuur 1)

Bogenoemde siklus toon dus die verhouding tussen kindermolestering en ander probleme aan en toon die volgende tendense:

- Die kind vertoon 'n lae selfbeeld. Die slagoffer ervaar huislike probleme en voel waarskynlik skuldig oor die skade wat aan die ouers se huwelik gedoen is.

- Die slagoffer is bang vir die skade wat die bekendmaking van die molestering kan meebring vir die gesin. Dit word gevolglik baie moeilik om op skoolwerk te konsentreer.

- Soos die kind groter word, word sy selfbeeld dus in 'n "skewe" beeld van homself geïnkorporeer.

Gedragsprobleme ontstaan as gevolg van die kind se onvermoë om die situasie te hanteer en die kind word afhanklik van maatskaplike dienste.

- Die kringloop word voltooi wanneer die slagoffer 'n "komplementêre" maat kry, wat sy lae selfbeeld gedurig versterk. Indien hierdie maat ook 'n geskiedenis van seksuele misbruik toon, dan sal die onopgeloste seksuele probleme van die ouers waarskynlik in hulle huwelik manifesteer, sodanig dat die kinders weer eens beïnvloed kan word (Vizard, 1985:138). Wyre en Swift (1990:53) beklemtoon ook die feit dat die slagoffer geneig is om verhoudings met die verkeerde persone aan te gaan, wat seksuele misbruik in die hand werk.

## 2.5 SINTESE

Seksuele misbruik is 'n ernstige misdaad wat traumatiese psigologiese gevolge vir die slagoffer kan inhou. Die samelewing het dus 'n groot verantwoordelikheid teenoor die kind in nood.

Daadwerklike optrede en betrokkenheid deur professionele persone is dus noodsaaklik. Die kind kan sodoende gehelp word om sy selfbeeld te herstel en as sosiaal-aanvaarbare wese te funksioneer.

In hoofstuk 3 sal die invloed van die moderne samelewing op die dogter se geslagsrypwording bespreek word.